# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 19 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 31 JUL 2026



## AUG

**4** TIENERTONEEL KONSERT

**5** OUERAAND

**10** VOORTREKKERS PROE-AAND

## Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

En so kom ons aan die einde van die tweede week van die derde kwartaal, en die lekker wintervakansie is dalk nou net spesiale en mooi herinneringe. Daar word met groot verwagting uitgesien na die res van die 3de kwartaal en al die opwindende geleenthede wat nog lê en wag.

Baie geluk en en baie dankie aan elke leerder wat JF met trots op die provinsiale en nasionale weke verteenwoordig het. As ek so na die uitslae kyk, dan lyk dit of dit regtig baie goed gegaan het. Mag die ervaring wat jul opgedoen het, ook tot voordeel van ons skool aangewend word. Ek hoop van harte dat elke leerder wat die geleentheid gehad het, hul ouers met dankbaarheid oorval het, omdat ek bewus is van die kostes verbonde aan hierdie weke.

Hierdie is die laaste Wesgrow-naweek en vir baie matrieks die laaste geleentheid om JF op die sportveld te verteenwoordig. Gee jul beste en geniet elke oomblik. Dit is ‘n tuis-inter teen Hoërskool Trio van Kroonstad, en daarom ‘n hartlike uitnodiging aan die hele JF-gemeenskap om die dag saam met ons te kom geniet en ons besoekers te bederf met goeie sportmangees en hartlike JF-gasvryheid.

Die leerders het dan ook hul rapporte verlede Vrydag ontvang. Punte na die Junie-eksamen is gewoonlik die maatstaf van elkeen se akademiese vordering vir hierdie jaar. Vir party gaan dit ‘n klop op die skouer wees, en vir ander ‘n realiteitskok. Moenie die oueraand wat vir 5 Augustus 2026 (17:00 – 19:00) beplan word, misloop nie. Maak asseblief gebruik van hierdie geleentheid om die onderwysers te besoek en intervensieplanne te maak indien nodig.

My laaste woord gaan aan die matrieks van 2026. Julle is nou in die pylvak en soveel geleenthede gaan die heel laaste wees op die skoolbanke. Maak herinneringe, geniet jou laaste skoolkwartaal, speel en leer hard, leef voluit en geniet elke oomblik…Dit is als in ‘n oogwink verby! Op die ou end gaan dit oor daardie matrieksertifikaat wat aan die einde van die jaar verwerf moet word, dus moet die akademie al hoe meer gepriotiseer word. Soos wat die aktiwiteite begin klaarmaak, begin jou voorbereiding en hersiening met die oog op die eindeksamen al hoe belangriker raak. Die rekordeksamen begin al reeds die 24ste Augustus. Jy kry net een kans…Gryp dit met albei hande aan en pak jou toekoms met vertroue en baie goeie matriekpunte aan.


En nou is dit: ***Op julle merke…gereed…3de kwartaal!*** Die belangrikste datums verskyn later in die weekbrief en tot ons weer gesels,

*glo ek dat die*
*Here se genade en liefde*
*vir ons elke oggend*
*nuut sal wees,*
*net soos wat hy*
*dit in sy woord*
*vir ons beloof.*



**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**

# 2026 Augustus

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | JFFJ-aand: Balkieseremonie  | | Wiskunde: Olimpiade<br>Wesgrowliga: vs TRIO (tuis) | 1 | 2  |
| 3 | 4<br>Tienertoneel: Konsert | 5<br>OUERAAND | 6<br>Rugbyliga vs St. Andrews | 7 | 8 | 9 |
| 10<br>Voortrekkers: Proe-aand | 11 | 12<br>Tennis Cradock | 13<br>Tennis Cradock | 14<br>Tennis Cradock<br>Kultuursaal<br>*Koskasdag* | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20<br>Graad 11 Potch Kamp | 21<br>Graad 11 Potch Kamp<br>Matriekbederf / laaste dag. | 22<br>Graad 11 Potch Kamp | 23 |
| 24<br>GR 12: Rekordeksamen begin | 25 | 26 | 27 | 28<br>Sport en kultuur dinee. | 29 | 30 |
| 31 | 1<br>GR 12: Nasionale eksamen (LO) | 2 | 3<br>Melodrama | 4<br>Cansadag | 5<br>Sentraal 7's | 12 Sep JF-Fast 5 en 7's toernooi. |

## VERPLIGTE KLASSE SLEGS GRAAD 12 (Dit is vir voltooiing van sillabusse)

| Vak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| Fisiese Wetenska p | | | | 06:30 – 07:20<br>Me. M Smit |
| Kuns | Prakties g 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | | Prakties g 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | Prakties g 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman |
| Lewens-wetenskap | 13:50 – 14:50<br>Me. J Laning<br>Me. L Vermeulen | 13:50 – 14:50<br>Me. L Vermeulen<br>Me. J Laning | | |
| Geografie | 06:30 – 07:20<br>Mnr. H Vermeulen | | | |
| Wiskunde | | 06:30 – 07:00<br>Mnr. H Wilken | 06:30 – 07:00<br>Mnr. H Wilken<br>14:00 – 15:00<br>Me. C Wagener<br>Me. J Koekemoer<br>Me. A Nel | |

**VRYWILLIGE KLASSE VIR EKSTRA HULP (Alle grade)**

| Vak | Maandag | Dinsdag | | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport<br>Me. C Smit | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. N Buitendag | | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. C Smit | |
| Fisiese Wetenskap | | | | Graad 11<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit | Graad 12<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit<br>Graad 10<br>13:45 – 14:30<br>Me. A. Nel |
| Lewens-wetenskap | | | | Graad 10<br>13:50 – 14:30<br>Me. T vd Merwe<br>Me. A van Rooyen | Graad 11<br>13:50 – 14:30<br>Me. L Vermeulen |
| Wiskunde | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Nel<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. N van Staden<br>Graad 11<br>13:45 – 15:00<br>Me. M. van Wyk | Graad 8<br>13:45-14:30<br>Me. C Olivier<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Wagener<br>Graad 10<br>13:45 – 14:30<br>Mnr. J Fourie | | | |
| Kuns | | 14:00 – 15:30<br>Graad 10<br>Ekstra vak leerders | | | |
| Alpha Wiskunde (Juf Koekemoer) | Graad 12<br>15:00 – 16:30 | Graad 11<br>14:00 – 15:00<br>Graad 10<br>16:00 – 17:00 | | Graad 9<br>16:00 – 17:00 | |
| Wiskundige Geletterdheid | Graad 10/11<br>13:50 – 14:30<br>Me. N. Jordaan | | | Graad 12<br>13:50 – 14:50<br>Me. N. Jordaan | Graad 10/11<br>13:50 – 14:30<br>Me. N van Staden |

# Finansies:

## Skoolfonds 2026:

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking om die beste moontlike opvoeding vir u kinders te verseker.
U skoolfondsbetalings help ons om die gehalte van onderrig,
aktiwiteite en hulpbronne by die skool te handhaaf.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

## Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is reeds aangetoon op u staat vanaf 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel ‘n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie. Let asseblief daarop dat aansoeke om kwytskelding nie hanteer gaan word waar dokumente en inligting uitstaande is nie.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Skoolfonds is ‘n statutêre verpligting wat nagekom moet word tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.Beide partye is en bly dus aanspreeklik vir skoolfonds, ongeag enige ooreenkoms aangegaan tussen u as ouers.
- Let asseblief daarop dat indien skoolfonds agterstallig raak, word die volle jaar se skoolfonds onmiddelik opeisbaar en betaalbaar. In sodanige geval mag die skool regstappe neem om uitstaande skoolfonds te verhaal

Die skool het begrip dat onvoorsiene omstandighede/uitdagings soms ontstaan. Ons versoek u egter om pro-aktief en betyds met die skool kontak te maak vóórdat u rekening agterstallig raak. Die skool poog werklik om onnodige en duur regsaksies te vermy en versoek u om direk met die skool ‘n redelike en aanvaarbare reëling te tref. U pro-aktiewe optrede help ons om u kind se onderrig te verseker.

**Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.**

**HARDE-KOPIE-SKOOLFONDSREKENINGE:**
**Ons bring graag onder u aandag dat alle leerders gedurende die derde kwartaal ‘n harde kopie van die skoolfondsrekening sal ontvang om aan u as ouer te besorg. Hierdie rekeninge sal in graadverband uitgegee word in ‘n geseëlde koevert vir u aandag. Alle ouers sal dus ‘n harde-kopie-rekening ontvang ongeag of die rekening op datum is al dan nie.**

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op ‘n gereelde basis op die Karri-toep gelaai.
Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen ‘n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

Die volgende insamelings sluit binnekort:

| Beskrywing | Sperdatum vir betaling |
| --- | --- |
| Matrieks: Groepfoto | 2 Augustus 2026 |
| Tienertoneel & Bellissima - Skooloptrede | 3 Augustus 2026 |
| Sokkie | 6 Augustus 2026 |

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za**

Geagte Ouers/Voogde

Ons herinner u graag aan die komende DETENSIEDATUMS:
• Vrydag 31 Julie
• Vrydag 14 Augustus
• Vrydag 28 Augustus
• Vrydag 9 Oktober
• Vrydag 23 Oktober

Die detensietye vir Vrydae is steeds soos volg:
• Leerders meld om 13:50 in die vierkant aan.
• Leerders word na klasse vergesel deur onderwysers, waar hul tot 16:00 detensie sit.
• Geen selfone, eet, drink of gesels word tydens detensie toegelaat nie.
• Slegs akademiese werk word toegelaat.
Let asseblief:

AKADEMIESE DETENSIE, sowel as GEDRAGSDETENSIE, se naamlyste word minstens 1 week voor die detensiedatums op die kennisgewingbord geplaas.

Dit is LEERDERS SE EIE VERANTWOORDELIKHEID om die kennisgewingbord te besoek en hul ouers in kennis te stel van wanneer hul detensie moet sit.

Leerders mag nie detensie misloop nie. Daar word 500 strafpunte gegee vir afwesigheid van detensie.

Ouers mag die dissiplinehoof per e-pos in kennis stel van noodgevalle wat maak dat leerders nie detensie kan bywoon nie. Slegs geldige verskonings sal aanvaar word. Leerders sal dan wel tydens die volgende detensiedatum moet sit.

Ekstra eksamendetensies word individueel aan spesifieke leerders toegeken tydens eksamens en blokdae. Die naamlyste en datums sal op die kennisgewingbord geplaas word minstens 1 week voor die individuele leerder se eksamendetensie.

Vir enige navrae, kontak gerus vir mnr Karel van Heerden – dissipline@jimfouchehs.com of skakel die kantoor by 051 502 1760.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

# MIDDAGSTUDIE

**Maandae tot Donderdae**

**14:00 - 17:00**

**R400 p/m**

Kontak Suzette by ontvangs.loo1@jimfouchehs.com

**TYE WORD GEDURENDE DIE EKSAMEN AANGEPAS.**

# Die Kiepersol

**"Hier het ons almal pouse geëet, gelag en saam herinneringe gemaak... nou bou ons weer daardie herinneringe vir die volgende geslag."**



Ons nooi graag oud-leerders, ouers en vriende van die skool uit om deel te word van hierdie spesiale projek wat ons tydens die Junie-vakansie loods. Ons nooi u om saam met ons aan die toekoms van Die Kiepersol te bou.



Die Kiepersol is meer as net 'n snoepie — dit is deel van Jim Fouché se geskiedenis, tradisie en nostalgie wat oor jare heen in die harte van oud- en huidige leerders voortleef. Ons droom is om daardie besondere gevoel te behou, terwyl ons 'n moderne en warm ruimte skep waar nuwe herinneringe gevorm kan word.

Om hierdie ruimte nog meer spesiaal te maak, wil ons graag 'n fondsinsameling onder ons oud-leerders, ouers en vriende -selfs besighede- vir die borg van piekniekbankies loods. Ons benodig 10 piekniekbankies teen 'n koste van R 5000.00 elk.



Besighede wat 'n piekniekbankie borg, sal ook die geleentheid vir advertering op die bankie as deel van hul borgskap kry . Dit bied uitstekende blootstelling binne ons skoolgemeenskap en ondersteun terselfdertyd die opgradering van ons fasiliteite.

Dra by tot 'n bankie!
Donasies op karri

**Indien u graag deel wil wees van hierdie projek, kontak gerus vir Merice Erasmus vir meer inligting by bemarking@jf.co.za**

# JF-GHOLFDAG

Die jaarlikse JF-gholfdag vind op 22 September 2026 plaas. Indien u of u besigheid bereid is om 'n prys te skenk sal ons dit opreg waardeer.

HOËRSKOOL JIM FOUCHE
SAAI OM TE OES

<u>Voorbeelde van pryse sluit in:</u>

- Geskenkbewyse
- Waterbottels/ pette
- Geskenkmandjies
- Sport- of leefstylitems
- Elektroniese items (powerbanks, oorfone, luidsprekers)

Enige prys, produk, diens of geskenkbewys, ongeag die waarde, sal met groot dank ontvang word.

Indien u 'n skenking wil maak, kontak asseblief vir Merice Erasmus of stuur dit saam met u kind skool toe.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Merice - 063 202 6387 bemarking@jf.co.za




STONEY'S
Wheel & Tyre
At Stoney's Wheel and Tyre we stock a wide selection of wheels and tyres to cater for your every possible need.
WE OFFER THE BEST PRICES ON LEADING BRANDS.
TYRES
MAGS
SHOCKS
BRAKEPADS
EXCELLENT
IN-HOUSE SAVINGS PLAN
DRIVE IN. DRIVE OUT.
QUALITY YOU CAN TRUST!
118 OLIVER TAMBO DRIVE
051 448 7400
55 ZASTRON STREET
051 001 1048

AVIS | CAR SALES

# YOUR NEXT DRIVE STARTS HERE.



Whether you're heading to the golf course or wherever the road takes you, find a quality pre-owned vehicle you can trust at **Avis Car Sales Bloemfontein.**

QUALITY VEHICLES | TRUSTED BY GENERATIONS | PEACE OF MIND GUARANTEED | SERVICE YOU CAN COUNT ON

051 409 9731

www.aviscarsales.co.za

QUALITY. VALUE. CONFIDENCE.


MA'S WAT OMGEE
"DIT IS DIE DAG WAT DIE HERE GEMAAK HET, LAAT ONS DAAROOR JUIG EN DANKBAAR WEES!"
PSALM 118 : 24

DANKBAARHEID

# Waardes

## Dankbaarheids-Donderdag 2

### Dankbaarheid vir kos op die tafel en 'n dak oor ons kop

Vandag lees ons uit Psalm 118:1 – "Dank die Here want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie."

Het jy geweet dat ongeveer 40% van alle Suid-Afrikaners onder die broodlyn leef? Dit beteken dat hulle nie elke dag kos het nie. Meer as 10% van alle Suid-Afrikaners het nie toegang tot skoon lopende water nie en moet myle ver stap om water te kry.

Wanneer ons stil raak en nadink oor ons lewens, besef ons hoe baie seëninge ons elke dag ontvang. Ons het 'n dak oor ons kop wat ons beskerm teen die wind en weer. Ons het kos op die tafel wat ons voed en krag gee vir elke nuwe dag. Ons het projekte by LOO1 wat mense met kos help. Hierdie dinge kan maklik as vanselfsprekend aanvaar word, maar in werklikheid is dit kosbare gawes uit God se hand. Elke maaltyd, elke nuwe oggend is 'n herinnering dat God getrou is en dat sy liefde nooit ophou nie.

Wanneer ons dankbaar is, verander dit ons harte – ons begin meer waardeer, meer deel met ander en ook meer vertrou op God se voorsiening.

"Dank die Here want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie."

**Here, dankie vir U goedheid en trou wat nooit ophou nie. Dankie vir die dak oor my kop, warm klere as dit koud is en kos op die tafel. Dankie dat u in my basiese behoeftes en in soveel meer voorsien. Leer my ook om te deel met ander wat minder het as ek en om U liefde deur my dade vir ander te wys. Amen**

Wanneer ons dankbaar is, verander dit ons harte

Dankbaar

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# IS MY KIND REGTIG LUI... OF DALK NET IN DIE VERKEERDE OMGEWING?

"Hy het soveel potensiaal, maar hy is net lui."


Dit is 'n stelling wat baie ouers al gemaak het wanneer 'n kind sukkel om gemotiveerd te bly met skoolwerk. Tog is dit belangrik om te onthou dat gedrag dikwels 'n dieper boodskap dra. Voordat 'n leerder as "lui" bestempel word, is dit die moeite werd om te vra: Wat lê werklik agter die gedrag?

Kinders se motivering word deur verskeie faktore beïnvloed. Net soos volwassenes, werk hulle met meer entoesiasme wanneer hulle betekenis, uitdaging en belangstelling in 'n taak vind. Wanneer werk egter voortdurend te maklik of te moeilik is, kan belangstelling en selfvertroue afneem.

Leerders verskil ook in die manier waarop hulle leer. Sommige leer die beste deur te lees, ander deur te kyk, te bespreek of prakties betrokke te wees. Wanneer 'n kind se natuurlike leerstyl nie by die onderrigmetode aansluit nie, kan dit voorkom asof hy of sy nie moeite doen nie, terwyl die werklike uitdaging elders lê.

"Hy het soveel potensiaal, maar hy is net lui."

Dit is 'n stelling wat baie ouers al gemaak het wanneer 'n kind sukkel om gemotiveerd te bly met skoolwerk





Persoonlikheid en belangstellings speel eweneens 'n belangrike rol. Party kinders floreer in gestruktureerde roetines, terwyl ander kreatiewe of praktiese uitdagings verkies. Wanneer hulle die geleentheid kry om hul sterk punte en belangstellings te ontwikkel, groei hul motivering en selfvertroue dikwels ook.

Nog 'n belangrike aspek is die woorde wat ons gebruik. Etikette soos "lui" kan mettertyd deel word van 'n kind se selfbeeld. In plaas daarvan om gedrag te veroordeel, is dit meer waardevol om vrae te vra soos: Waarmee sukkel jy? Watter vak geniet jy die meeste? Wanneer voel jy op jou gelukkigste? Sulke gesprekke help om die oorsaak van die uitdaging te verstaan eerder as om slegs op die simptoom te fokus.


Dit beteken natuurlik nie dat dissipline nie belangrik is nie. Kinders moet steeds verantwoordelikheid leer neem, sperdatums nakom en deursettingsvermoë ontwikkel. Dissipline floreer egter die beste wanneer dit met begrip en ondersteuning gepaardgaan.

Elke kind het die behoefte om sukses te ervaar en trots op hom- of haarself te wees. Ons rol as ouers en opvoeders is om kinders te help ontdek hoe hulle die beste leer, waarin hulle uitblink en waar hul unieke talente lê.

Soms is die leerder wat vandag as "lui" beskou word, môre die jong volwassene wat blom wanneer hy of sy die regte omgewing vind. Daarom is dit belangrik dat ons versigtig is met etikette en eerder daarna streef om elke kind se potensiaal raak te sien en te ontwikkel.

***Daarom is dit belangrik dat ons versigtig is met etikette en eerder daarna streef om elke kind se potensiaal raak te sien en te ontwikkel.***


#JFbid
Beste Ouers,
Kom bid saam vir ons
kinders en ons skool.
Tyd:
Woensdae
07:30 - 08:00
Plek:
JF-Konferensielokaal
VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477


Hoërskool Jim Fouché bied aan:
BLINDELINGS
Teks: Margo Kotze
Regie: Stella Nortier
Hoeveel keer moet jy val voordat jy verstaan?
Joané de Beer
Rizé Bierman
Chrizel van Wyk
Nicole van Schalkwyk, Hanro Snyman, Duane van der Walt,
Corlé Roos, Anné Roos, Wiehan du Plessis



ELANELLE STRYDOM | ANSJE BEKKER | GÉ COETZEE | ADELLE FRONEMAN | HORST WEYERS | MISCHA GOOSEN | MINETTE WESSELS

# KUNSMATIG

HET DIE TOEKOMS GEKOM OM ONS TE RED... OF TE BEHEER?





TEKS DEUR: MONIQUE BOOTH & ANKE MEYER-AULD
REGIE: MONIQUE BOOTH

CHARISMA AZALIAH HAUPTFLEISCH | MIENÉ SPIES | SHILOH MIA SMITH | CHARLOTTE ANN GIBBENS | LINÉ FOURIE | JD JOUBERT | JP CROUS




# TIENERTONEEL & SÊR 2026




## 4 AUGUSTUS




## 18:00
## SKOOLSAAL




## R50

*HOT CHOCOLATE*
INGESLUIT!

Kaartjies op Karri en by die deure beskikbaar.

# Carla Smit

Carla het op 27 en 28 Junie 2026 aan die Freestyle Wêreldkampioenskappe in Blackpool, Engeland, Verenigde Koninkryk deelgeneem.



Sy behaal die volgende prestasies:

- 5de plek – *o/18 Premier Championship Slowdance*
- 6de plek – *o/18 Premier Championship Freestyle Solo*

KULTUUR

DANS

KULTUUR

*Kunswedstryd*
2026

Gé se uitsonderlike prestasie tydens die Kunswedstryd (Drama en Toneel), waar hy 99% vir sy Graad 12 Toneel: Monoloog behaal het, het hom 'n uitnodiging besorg om by 'n Gala-aand op te tree waar toppresteerders vereer word.



# Gé Coetzee

*Baie geluk!!!*

# Voorslag Voortrekkers



Charné Theunissen
Cheri van Eeden
Conrad Botha
Hanelle Kruger
AJ Deale
Jan-Hendrik Brewis
Kate Engelbrecht
Mia Hofmeyr
Michelle Janse van Rensburg

*Baie geluk aan die Voortrekkers met* **8** *Presidentsverkenners en* **1** *Hoofleierswag.*

Voorslag Voortrekkers

Bied aan...

# Proeaand 2026

# Ligdraers in die wêreld



10 Augustus 2026

Jim Fouché Hoërskool Saal

18:30

R60 per kop

Kaartjies beskikbaar by

Bertie Eimer

083 984 2113

Kom proe en geniet van meer as 'n 100 versnapperings

# Vorentoe! VOORSLAG VOORTREKKERS

## In Samewerking Met

## Pick n Pay Towers

## 15 Augustus 2026
## 09:00 tot 14:00

**Ondersteun Die Voortrekkers se Worsbroodjie stalletjie by PnP Towers Langenhovenpark.**

HOU KOERS








# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

## PROGRAM

**14 MAART**
- GV VS JF
- WITT VS SENT
- TRIO VS DHS
- BVHS VS FHP

**20 MAART**
- SENT VS GV

**21 MAART**
- JF VS WITT
- DHS VS BVHS
- FHP VS TRIO

**11 APRIL**
- FHP VS JF

**18 APRIL**
- FHP VS SENT
- GV VS TRIO

**25 APRIL**
- WITT VS GV

**1 MEI**
- TRIO VS BVHS

**1 MEI**
- SENT VS DHS
- TRIO VS BVHS

**9 MEI**
- SENT VS DHS
- TRIO VS BVHS

**16 MEI**
- DHS VS FHP
- SENT VS JF
- GV VS BVHS
- WITT VS TRIO

**23 MEI**
- JF VS DHS
- BVHS VS WITT

**25 JULIE**
- BVHS VS JF
- DHS VS GV
- TRIO VS SENT
- FHP VS WITT

**1 AUG**
- WITT VS DHS
- GV VS FHP
- JF VS TRIO
- SENT VS BVHS

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOERSKOOL JIM FOUCHÉ

## UITSLAE : NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 61 | 1STE SPAN | 23 |
| 18 | o/19 B | 19 |
| 16 | o/19 C | 20 |
| 14 | o/19 D | 24 |
| 12 | O/19 E | 20 |
| 13 | o/17 A | 19 |
| 21 | o/16 A | 21 |
| 18 | o/16 B | 13 |
| 13 | o/16 C | 12 |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

WES GROW

## UITSLAE : HOKKIE DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 4 | 1STE SPAN | 1 |
| 5 | o/19 B | 1 |
| 1 | o/19 C | 0 |
| 3 | o/16 A | 0 |
| 6 | o/16 B | 0 |
| 1 | o/14 A | 1 |
| 0 | o/14 B | 1 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOERSKOOL JIM FOUCHÉ

## UITSLAE : HOKKIE SEUNS

| | | |
|---|---|---|
| 0 | 1STE SPAN | 1 |
| - | o/19 B | - |
| 0 | o/16 A | 6 |
| 2 | o/14 A | 4 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

WES grow

## UITSLAE : RUGBY

| | | |
|---|---|---|
| 22 | 1STE SPAN | 31 |
| 50 | o/19 B | 0 |
| 57 | o/19 C | 12 |
| 68 | o/16 A | 7 |
| 30 | o/16 B | 19 |
| 47 | o/15 A | 7 |
| 57 | o/15 B | 7 |
| 56 | o/14 A | 0 |
| 29 | o/14 B | 12 |

skilltracer vkb UFS novus media community news


SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026
WES grow
EST.1964
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
VS
TRIO
HOËRSKOOL TRIO
31 JULIE & 1 AUGUSTUS 2026
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
UFS
SUPERSPORT
SCHOOLS
novus
skilltracer
vkb
KONICA MINOLTA

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

31 JULIE - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS TRIO HOËRSKOOL TRIO

## BEPALINGS : HOKKIE

## JF - ASTRO

| TYD | SPAN |
|---|---|
| 14:00 | o. 14B-dogters |
| 14:55 | o. 16B-dogters |
| 15:50 | o. 14A-hokkieseuns |
| 16:45 | o. 16A-hokkiedogters |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

1 AUGUSTUS - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL TRIO

BEPALINGS : HOKKIE

## JF - ASTRO

| TYD | SPAN |
|---|---|
| 08:00 | o. 14A-dogters |
| 08:55 | o. 18B-seuns |
| 09:50 | o. 16A-seuns |
| 12:00 | Eerste span (seuns) |
| 13:15 | Eerste span (dogters) |
| 14:25 | o. 14B-seuns |

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

1 AUGUSTUS - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS TRIO HOËRSKOOL TRIO

## BEPALINGS : NETBAL

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 9:00 | o. 16A | o. 18B | o. 15C | o. 14C |
| 09:40 | o. 15A | o. 14B | o. 16B | |
| 10:20 | o. 14A | o. 15B | o. 18C | |
| 11:00 | Eerste span | | | |

skilltracer vkb UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

1 AUGUSTUS - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS TRIO HOËRSKOOL TRIO

## BEPALINGS : RUGBY

| TYD | A - VELD | B - VELD |
|---|---|---|
| 9:00 | o. 14A | Derde span |
| 10:10 | o. 15A | o. 16B |
| 11:20 | Tweede span | o. 14B |
| 12:30 | o. 16A | o. 15B |
| 13:40 | Eerste span | |

skilltracer VKB UFS novus

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

NOVON PROTECTA

BRD GROUP
ESTABLISHED IN 1995

WMF
FINANCIAL ADVISORS
SHORT TERM INSURANCE
Authorised Financial Services Provider FSB 36502

vkb

MMG
Mortimer Motor Group

OVK
SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

BKB

nu-pro GROUP

AFGRI

Coastal HIRE

JAC MOTORS

pronex
ENGINEERING SIMPLIFIED

Visser Agri

VS AGRI KZN

Est. 2002
CN LOURENS
Slaghuise

ROMAN'S PIZZA
BEST PIZZA, BEST VALUE

Somerby Safaris

PLUS AJ VERVOER

TWK agri

PANAROTTIS
PIZZA & PASTA

UFS

SUPERSPORT SCHOOLS

novus media community news

skilltracer

# Landloop




## Hiermee die landloop uitslae van 24 Julie 2026.

Dit was die 6de liga vir die seisoen. Daar was 10 leerders wat gehardloop het.

Ruan Liebenberg het 'n 8ste plek behaal in die jong seuns afdeling se 2km met 'n tyd van 7.45.

Hendrik Rautenbach het 'n 12de plek in die seuns 0/14 se 4km behaal met 'n tyd van 17.30. Alex du Plessis het 'n 13 de plek in die seuns 0/16 se 6 km behaal met 'n tyd van 29.33.

0/14 dogters het Caralize Reyneke 'n 5de plek behaal, Liané Hugo 'n 9de plek en Mienke Smit 'n 11de plek in die 4km.

Safiya Sampson en Rukayia Sampson het albei 'n 6de plek behaal in die dogters 0/15 en 0/16 dogters se 4km.

AJ Theron het 'n 8ste plek behaal in die Jong Mans afdeling se 2km met 'n tyd van 8.29.

Danell Oelofse behaal 'n 1ste plek in die jong vroue afdeling se 6km met 'n tyd van 26.32.

# AJ Theron

AJ het op 11 Julie 2026 aan die Suid-Afrikaanse Duathlon-kampioenskappe in Hoekwil, Wes-Kaap, deelgeneem.

Hy het in die *Sprint Distance* vir Seuns 18-19 jaar meegeding en 'n 6de plek behaal.




BUITESPORT

DUATHLON

BOOGSKIET

BUITESPORT

# Katelynn Muller

Katelynn het op 19 en 20 Julie 2026 aan die **FSAF Binnenshuise Kampioenskappe** by die *Fiend Hunters Archery Club* in Bloemfontein deelgeneem.

Sy behaal 'n eerste plek in die o. 18-vroue *Compound Bow*-klas.



# Chy-Anne Muller

Chy-Anne het op 25 en 26 Julie 2026 aan die *Free State Core League Qualifier 3* by die Bloemfontein *Equestrian Centre* deelgeneem.



<u>Sy behaal die volgende uitslae:</u>

*Dressage Novice Test* - 5de plek

*Dressage Novice Test* - 4de plek

*Dressage Freestyle* - 4de plek

*Showing* - 2de plek

*Equitation* - 2de plek

BUITESPORT

SANES/ PERDR

# Benedette van Tonder

MUURBAL

BUITESPORT

Benedette het die Vrystaat o. 19-meisiespan by die Interprovinsiale Muurbaltoernooi van 26 Junie tot 1 Julie 2026 in Kaapstad verteenwoordig.



Sy het as nommer twee vir die span gespeel en 8 van haar 9 wedstryde gewen. Die span het vyfde uit tien spanne geëindig, nadat hulle aanvanklik as sesde gekeur was.

Sy is ook genooi om die Vrystaat o. 19-meisies by die *Growthpoint SA National Finals* van 12 tot 15 Augustus 2026 in Kaapstad te verteenwoordig, waar die top 8 o. 19-spelers in Suid-Afrika teen mekaar sal meeding.

# JF - HOKKIE

## *Ligawenners*

**Die tweede span hokkieseuns wen die stadsliga met 'n telling van 2-1 teen Hoërskool Sentraal.**



*Baie geluk!*

25 Julie 2026
JF vs. BVHS

**Baie geluk aan Lomé Nel wat vandag haar 50ste wedstryd vir JF se eerste hokkiespan gespeel het.**

#trotsJF



## JF-NETBAL 2026

*Baie sterkte*



### Nasionale uitspele

Baie sterkte aan die o. 17A-span wat van 30 Julie tot 1 Augustus aan die nasionale uitspele in Boksburg gaan deelneem.

## JF-SKAAK

**Die volgende leerders is gekies om op Saterdag 25 Julie die Mangaung Metro tydens die F*ree State Closed Chess Championships* te verteenwoordig.**

Luné van Schalkwyk
Rugard van Wyk
Calem du Toit
Lené de Villiers
HJ de Villiers
Ajay Benson
Greggory Gibbens



*Baie sterkte*

# JF-Trommies



Vlag Duo: Andone Booysen & Marisa Els - 1ste
POM Trio: Thati Schalk, Izelle Visage en Annika Taljaard - 5de
POM Duo: Junita Liebenberg en Nicolene Saayman - 4de
POM Duo: Helen Pettit en Nicole van der Merwe - 2de
Mace Trio:
Kayleigh Liddle, Monique van der Merwe & Nicole van der Merwe - 1ste

Vlag Groep - 1 ste
Pom Dance Groep - 1ste
Vlag Mini Golden - 2de
Vlag Mini Harry Potter - 1ste
Pom Mini Circus - 3de
Pom Mini F1 - 2de



Vlag Solo: Andone Booysen - 2de
Vlag Solo: Nicole van der Merwe - 1ste
POM Solo: Nicole van der Merwe - 1ste
Mace Solo: Kayleigh Liddle - 2de
Mace Solo: Monique van der Merwe - 1ste
Baton Solo: Kayleigh Liddle - 1ste

FDDCM FS
(Federation of Dance Drill, Cheerleading, Marjorette Sport Free State)

#trots

# Atletiek







**Baie geluk aan Franzelle Barnard en Anri Rautenbach wat gekies is vir die SA span wat gaan deelneem aan die COSSASA-games in Zimbabwe.**

#trots

# Word deel van die

## Oester 2026/27

WhatsApp-groep

Skryf

Foto's

Sosiale Media

Bemark

Video's

# AANSOEK VORM SAL OP GROEP VRYDAG VERSKYN

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

Hoërskool Jim Fouché

# WIL JY ADVERTEER BY JF?




## ADVERTENSIEBORD-SPASIE BESKIKBAAR

Vir meer inligting kontak:

MERICKE ERASMUS

BEMARKING@JF.CO.ZA

063 202 6387


BESTEL NOU VIR
DIE SEISOEN
karri
POWERED BY NEDBANK
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
#trotsJF
WWW.JF.CO.ZA

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R580



## WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460



## GOLFERS: KORTMOU

R340



## PETTE

R166

## LIP BALM

R30





## VISOR

R166

## BUFF

R80






## STROOIHOED

R110

COMBO R170

## JF Band

R60



## BREËRANDHOED

R230

## JF PIN

R80



NUUT




# Kombers



BESTEL & BETAAL OP KARRI

130 X 150 CM

R390

WES grow EST. 1964

Beperkte voorraad

NUUT







# SIT SIT SO

OPVOUSTOELTJIE

TOT 150 KG

**Koop & Wen**

**Gelukstrekking**

**2 kaartjies na Vat Vlam**




karri

POWERED BY NEDBANK

R200


Hoërskool
Jim Fouché
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
VAT VLAM
Die Piesangskille
19 SEPT '26
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span
22 September '26
BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB
STONEY'S Wheel & Tyre
AVIS
Merice - 063 202 6387
bemarking@jf.co.za


Hoërskool
Jim Fouché
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
VAT VLAM
Die Piesangskille
19 SEPT '26
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span